

HOOFSTUK 3

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN DIE ADJUNK-HOOF TEN OPSIGTE VAN ONDERRIGONTWIKKELING AAN SEKONDÊRE SKOLE IN DIE VAALDRIEHOEK

3.1 Doel met die empiriese ondersoek

Uit die voorafgaande literatuurstudie het dit geblyk dat onderrig 'n integrale deel van die taak van die bestuurspan (hoof, adjunk-hoof en departementshoofde) van 'n skool vorm, en dat veral die adjunk-hoof in dié verband 'n belangrike taak as leier, verhoudingstigter, motiveerder, inisieerder, kommunikasiestigter, evalueerder en begeleier het om uit te voer.

'n Empiriese ondersoek is deur middel van 'n gestruktureerde vraelys aan die hoofde, senior adjunk-/adjunk-hoofde, departementshoofde en onderwysers met en sonder meriete-toekenning verbonde aan die tien Afrikaansmedium sekondêre skole in die Vaaldriehoek onderneem. Sodoende kan die bevindinge wat uit die literatuurstudie en teorievorming voortgespruit het, bevestig of weerlê en/of nuwe insigte na vore gebring word.

3.2 Teikengroep

Die teikengroep in hierdie ondersoek bestaan uit al die skoolhoofde, senior adjunk-/adjunk-hoofde, departementshoofde, onderwysers met of sonder meriete-toekennings in die Afrikaansmedium sekondêre skole in die Vaaldriehoek.

3.3 Metode van steekproefneming

Die steekproefneming het volgens die volgende metode geskied:

- * Die hoof van die skool
- * Die senior adjunk-hoof of adjunk-hoofde aan die betrokke skool
- * 3 (Drie) Departementshoofde in numeriese volgorde volgens posnommers op aanstellingsbriewe
- * 6 (Ses) Onderwysers in numeriese volgorde volgens posnommers op aanstellingsbriewe

3.4 Die vraelys (kyk bylae 1)

3.4.1 Redes vir die keuse van 'n vraelys

Daar is op 'n vraelys besluit om die volgende redes:

- * 'n Vraelys is doeltreffender en meer prakties as persoonlike onderhoudvoering omdat die vraelys minder tyd in beslag neem in die beantwoording daarvan.
- * Die administrering van die vraelys is relatief maklik.
- * 'n Meer objektiewe mening kan ingewin word as die vraesteller nie teenwoordig is nie.
- * 'n Vraelys kan voorsien word van volledige instruksies sodat elke respondente presies weet wat van hom verwag word by die beantwoording daarvan.

3.4.2 Die opstel van die vraelys

Na aanleiding van die inligting wat in hoofstuk 2 ten opsigte van onderrigontwikkeling bekom is, is 'n gestruktureerde vraelys saamgestel. In ooreenstemming met Van Da-

len (1962:257) se siening is die volgende faktore by die opstel van die vraelys in berekening gebring:

- * Toestemming is van die owerhede verkry om die vraelys te sirkuleer. In die verband is 'n brief (bylae 2) aan die Direkteur van Onderwys in Transvaal gestuur vir die nodige toestemming. Toestemming is deur die Direkteur van Onderwys verleen (bylae 3) om voort te gaan met die toepassing daarvan.
- * Die studie word geag belangrik genoeg te wees om te verseker dat besige persone (in hierdie geval hoofde, adjunk-hoofde, departementshoofde en onderwysers in die Vaaldriehoek) bereid sal wees om die vrae te beantwoord.
- * Die instruksies op die vraelys en begeleidende brief is duidelik gestel sodat die persone presies sal weet wat van hulle verlang word.
- * Die bewoording van die vrae is duidelik, ekonomies en op die oogmerke daarvan gefokus.
- * Die volgorde van die vrae is sielkundig korrek beplan sodat die eenvoudiger of interessanter vrae op die moeiliker of persoonliker vrae volg.
- * Die vraelys is so gestruktureer dat die resultate makliker gekwalifiseer kan word.
- * Die bewoording van die vrae of instruksies is sodanig gedoen dat vrese, verleentheid, suspisie of vyandigheid tot 'n minimum beperk word.
- * Vertroulikheid van die hantering van die response van die respondente is gewaarborg.
- * Die vrae is sodanig gestel dat die respondente nie op een of ander wyse beïnvloed kan word nie.

3.4.3 Uiteensetting van die vraelys

Die vraelys bestaan uit drie afdelings. In die eerste afdeling moes algemene inligting ten opsigte van die respondent verstrekkend word en dit sluit graad van pos, geslag, jare ondervinding en kwalifikasies waarvoor hy beskikbaar is in. Die tweede afdeling het gegaan oor algemene inligting oor onderrigontwikkeling en derdens oor die rol van die adjunk-hoof in die sekondêre skool ten opsigte van onderrigontwikkeling. Hierdie inligting kon benut word om fyner analyses van die meningspeiling te onderneem. Daar moet in gedagte gehou word dat die aangeleentheid soms sensitief van aard vir die respondente mag wees - hulle kon gevolglik nalaat om die vraelys te voltooi, of sommige vrae nie beantwoord nie.

3.4.4 Loodsondersoek

Na die opstel van die vraelys is 'n loodsondersoek by drie van die skole onderneem om moontlik leemtes in die vraelys te bepaal. Hierdie vraelyste is deur die skoolhoof, senioradjunk-/adjunk-hoofde, drie departementshoofde en ses onderwysers met en sonder meriete-toekennings by elk van die skole voltooi. Geen probleme is met die beantwoording van vrae ondervind nie en die vraelys kon dus gefinaliseer word.

3.4.5 Die uitstuur van die vraelys

Die gestruktureerde vraelys is uitgestuur onder dekking van 'n brief aan skoolhoofde waarin hulle vriendelik versoek is om die vraelys tesame met geadresseerde, gefrankeerde koeverte aan die betrokkenes te oorhandig sodat dit na voltooiing teruggestuur kan word.

In 'n begeleidende brief aan die respondente, is die doel met die vraelys uiteengesit en is dit beklemtoon dat die ondersoek slegs vir studiedoeleindes gebruik word en nie reeds intensies of besluite rakende sekondêre skole se onderrig impliseer nie.

Daar is 121 (honderd een-en-twintig) vraelyste uitgestuur en 121 (honderd een-en-twintig) is terug ontvang.

3.5 Weergawe en interpretasie van die data

3.5.1 Afdeling 1 : Persoonlike gegewens

3.5.1.1 Vraag 1.1: Graad van pos

	Skoolhoof
	Senior adjunk-/adjunk-hoof
	Departementshoof
	Onderwyser met meriete-toekenning
	Onderwyser sonder meriete-toekenning

* Die doel met die vraag oor die graad van die pos was om uiteindelik die korrelasie van die menings of response van die betrokke groep ten opsigte van vrae in verband met onderrig, te kon bepaal. Aangesien alle vlakke van die postestruktuur deur die vrae geraak en dus deur hulle beantwoord moes word, was dit belangrik om te weet wat elke posvlak se respondente op sekere vrae antwoord. Die resultaat van hierdie vraag word in tabel 3.1 weergegee.

Tabel 3.1: Getal respondente en die graad van hul pos

Graad van pos	Totaal (N)	Persentasie (%)
Hoofde	10	8,3
Senior adjunk-/adjunk-hoofde	22	18,2
Departementshoofde	28	23,1
Personeel met meriete-toekenning	16	13,2
Personeel sonder meriete-toekenning	45	37,2
TOTAAL	N=121	100%

* Interpretasie van tabel 3.1

- 8,3% van die respondente verteenwoordig skoolhoofde;
- 18,2% van die respondente verteenwoordig senior adjunk-/adjunk-hoofde;
- 23,1% van die respondente verteenwoordig departementshoofde;
- 13,2% van die respondente verteenwoordig onderwysers met meriete-toekenning;
- 37,2% van die respondente verteenwoordig onderwysers sonder meriete-toekenning.

3.5.1.2 Vraag 1.2: Geslag

	Manlik
	Vroulik

* Die doel met die vraag oor die geslag van die respondent was om vas te stel watter persentasie van die respondente uit die steekproef manlik en watter persentasie vroulik was. Hiermee is gepoog om uiteindelik vas te stel of die houding en/of mening van manlike en vroulike respondente ten opsigte van die verskillende fasette van onderrigontwikkeling verskil. Geen beduidende verskil tussen die response van manlike en vroulike respondente is gevind nie. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.2 weergegee.

Tabel 3.2: Geslag van respondente

Geslag	Totaal (N)	Persentasie (%)
Manlik	64	52,9
Vroulik	57	47,1
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.2

- 52,9% van die respondente was manlik
- 47,1% van die respondente was vroulik

3.5.1.3 Vraag 1.3: Jare Ondervinding

	0 tot 1 jaar
	1 tot 5 jaar
	6 tot 9 jaar
	10 jaar en meer

* Hierdie vraag het ten doel om uiteindelik vas te stel of die meer ervare onderwyser se antwoorde op vrae oor onderrigontwikkeling verskil van die beginner- of onervare onderwyser. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.3 weergegee.

Tabel 3.3: Jare onderrigervaring van respondente

Onderwyservaring	Totaal (N)	Persentasie (%)
0 tot 1 jaar	7	5,8
1 tot 5 jaar	20	16,5
6 tot 9 jaar	20	16,5
10 jaar en meer	74	61,2
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.3

- 61,2% van die respondente beskik oor meer as 10 jaar onderwyservaring.
- 16,5% van die respondente het tussen 6 - 9 jaar onderwyservaring.
- 16,5% van die respondente het tussen 1 - 5 jaar onderwyservaring.
- 5,8% van die respondente het tussen 0 - 1 jaar onderwyservaring.

3.5.1.4 Vraag 1.4: Hoogste kwalifikasies (Akademies en Professioneel)

	Onderwysdiploma
	B-Graad
	Honneursgraad
	B.Ed.
	M-Graad
	D-Graad

* Die doel met die vraag was om te bepaal oor watter kwalifikasie elk van die respondente beskik. Hieruit kon uiteindelik bepaal word of die houding en/of menings van respondente met hoër kwalifikasies verskil van dié met 'n laer kwalifikasie. Geen beduidende verskille kon in die respons van persone met verskillende kwalifikasies gevind word nie. Hierdie veranderlike word dus vir die res van die ondersoek buite rekening gelaat. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.4 weergegee.

Tabel 3.4: Hoogste kwalifikasie van respondente

Aard van kwalifikasie	Totaal (N)	Persentasie (%)
Onderwysdiploma	34	29,1
B-Graad	42	35,9
Honneursgraad	15	12,8
B.Ed.-Graad	17	14,5
M-Graad	8	6,8
D-Graad	1	0,9
TOTAAL	N = 117*	100%

* 4 respondente het oor 'n tegniese kwalifikasie beskik en kon dus nie op die betrokke vraag reageer nie.

* Interpretasie van tabel 3.4

- 29,1% van die respondente beskik oor 'n onderwysdiploma
- 35,9% van die respondente beskik oor 'n B-Graad
- 12,8% van die respondente beskik oor 'n Honneursgraad
- 14,5% van die respondente beskik oor 'n B.Ed.-Graad
- 6,8% van die respondente beskik oor 'n M-Graad
- 0,9% van die respondente beskik oor 'n D-Graad

3.5.2 Afdeling 2 : Inligting oor onderrigontwikkeling en die rol van die adjunk-hoof in die sekondêre skool ten opsigte van onderrigontwikkeling

Die ontleding van elke vraag sal aan die hand van die volgende plaasvind:

- * Die doel met die vraag.
- * Die tabelle waarin die mening van respondente weergegee word.
- * Interpretasie van tabelle.
- * Afleiding.

3.5.2.1 Vraag 2.1: Onderrigontwikkeling is vir die onderwyser van belang

	Stem glad nie saam nie
	Stem in geringe mate saam
	Stem saam
	Stem heelhartig saam

- * Die doel met die vraag was om te bepaal of respondente van mening is dat onderrigontwikkeling vir die onderwyser van belang is. Hieruit kon bepaal word of die onderwyser se aandag gevestig word op die kwaliteit van onderrig in elke les en of die les net aangebied word met die doel om die inhoud van die voorgeskrewe sillabus aan die leerlinge deur te gee. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.5 en 3.6 weergegee.

Tabel 3.5: Respondente se houding ten opsigte van die belangrikheid van onderrigontwikkeling

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Stem saam	40	33,1
Stem heelhartig saam	81	66,9
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.5

- Die meeste respondente (66,9%) het heelhartig saamgestem en 33,1% het saamgestem dat onderrigontwikkeling vir die onderwyser van belang is. Geen respondent beskou onderrigontwikkeling as minder of onbelangrik nie.

Tabel 3.6: Respondente se houding (in terme van graad van pos) ten opsigte van die belangrikheid van onderrigontwikkeling

Graad van pos	% Stem saam	% Stem heelhartig saam	TOTAAL
1	0	100	100
2	22,73	77,27	100
3	35,71	64,29	100
4	37,50	62,50	100
5	42,22	57,78	100

* Interpretasie van tabel 3.6

- Al die skoolhoofde het aangedui dat hulle heelhartig saamstem oor die belangrikheid van onderrigontwikkeling.
- 22,73% van die adjunk-hoofde en senior adjunk-hoofde het aangedui dat hulle saamstem en 77,27% stem heelhartig saam oor die belangrikheid van onderrigontwikkeling.
- 35,71% van die departementshoofde het saamgestem en 64,29% het heelhartig saamgestem oor die belangrikheid van onderrigontwikkeling.
- 37,50% van die onderwysers met meriete-toekenning het saamgestem en 62,50% het heelhartig saamgestem oor die belangrikheid van onderrigontwikkeling.
- 42,22% van die onderwysers sonder meriete-toekenning het saamgestem en 57,78% het heelhartig saamgestem oor die belangrikheid van onderrigontwikkeling.
- Geen respondente het aangedui dat hy in 'n geringe mate of glad nie saamstem dat onderrigontwikkeling vir die onderwyser van belang is nie.

* Afleiding

Onderrigontwikkeling is vir die onderwyser van die uiterste belang en tyd sal noodwendig hieraan afgestaan moet word.

3.5.2.2 Vraag 2.2: Hoe dikwels word die kwaliteit van onderrig tydens u vakvergaderings bespreek?

	Nooit
	Selde
	Dikwels
	Altyd

* Die doel met die vraag was om te bepaal of die kwaliteit van onderrig op vakvergaderings bespreek word. Dit mag byvoorbeeld wees dat vakvergaderings hoofsaaklik om organisatoriese aspekte gaan en dat onderrig en die kwaliteit daarvan selde ter sprake kom. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.7 en 3.8 weergegee.

Tabel 3.7: Hoe dikwels die kwaliteit van onderrig tydens vakvergaderings bespreek word

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Selde	17	14,0
Dikwels	72	59,5
Altyd	32	26,5
TOTAAL	N = 121	100%

- * Interpretasie van tabel 3.7
- 14% van die respondente het aangedui dat kwaliteit

van onderrigontwikkeling selde tydens vakvergaderings bespreek word.

- 59,5% van die respondente het aangedui dat kwaliteit van onderrig dikwels tydens vakvergaderings bespreek word.
- 26,5% van die respondente het aangedui dat kwaliteit van onderrig altyd tydens vakvergaderings bespreek word.
- Geen respondent het aangedui dat die kwaliteit van onderrig nooit op vakvergaderings bespreek word nie.

Tabel 3.8: Hoe dikwels die kwaliteit van onderrig tydens vakvergaderings bespreek word (in terme van graad van pos)

Graad van pos	Selde	Dikwels	Altyd	TOTAAL
1	10,0	50,0	40,0	100
2	9,09	68,18	22,73	100
3	3,57	75,00	21,43	100
4	12,50	43,75	43,75	100
5	24,44	53,33	22,23	100

* Interpretasie van tabel 3.8

- 10% van die skoolhoofde het aangedui dat kwaliteit van onderrig selde, 50% dat dit dikwels en 40% dat dit altyd tydens vakvergaderings bespreek word.

- 9,09% van die senior adjunk-hoofde en/of adjunk-hoofde het aangedui dat kwaliteit van onderrig selde, 68,18% dat dit dikwels en 22,73% dat dit altyd op vakvergaderings bespreek word.
- 3,57% van die departementshoofde het aangedui dat kwaliteit van onderrig selde, 75% dat dit dikwels en 21,43% dat dit altyd op vakvergaderings bespreek word.
- 12,50% van die onderwysers met meriete-toekennings het aangedui dat kwaliteit van onderrig selde, 43,75% dat dit dikwels en 43,75% dat dit altyd op vakvergaderings bespreek word.
- 24,44% van die onderwysers sonder meriete-toekenning het aangedui dat kwaliteit van onderrig selde, 53,33% dat dit dikwels en 22,23% dat dit altyd op vakvergaderings bespreek word.

* Afleiding

Dit is baie duidelik dat die kwaliteit van onderrig dikwels op vakvergaderings bespreek word.

3.5.2.3 Vraag 2.3: In welke mate, meen u, kan onderrigontwikkeling die kennis en vaardighede van die onderwyser verbeter?

	Nooit
	Selde
	Altyd

* Die doel met die vraag was om te bepaal of die respondente van mening is dat onderrigontwikkeling die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.9 en 3.10 weergegee.

Tabel 3.9: Respondente se mening of onderrigontwikkeling die kennis en vaardigheid van 'n onderwyser kan verbeter

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Nooit	10	8,4
Selde	79	66,4
Altyd	30	25,2
TOTAAL	N = 119 *	100%

* Twee respondente het die vraag nie beantwoord nie.

* Interpretasie van tabel 3.9

- 8,4% van die respondente meen dat onderrigontwikkeling nooit die kennis en vaardigheid van die onderwyser kan verbeter nie.
- Die meeste van die respondente (66,4%) is van mening dat onderrigontwikkeling selde die kennis en vaardig-hede van die onderwyser verbeter.
- 25,2% van die respondente is van mening dat onderrigontwikkeling altyd die kennis en vaardigheid van die onderwyser kan verbeter.

Tabel 3.10: Respondente se mening (in terme van graad van pos) of onderrigontwikkeling die kennis en vaardigheid van 'n onderwyser kan verbeter

Graad van pos	Nooit	Selde	Altyd	TOTAAL
1	0	70	30	100
2	0	71,43	28,57	100
3	3,57	67,86	28,57	100
4	6,25	62,50	31,25	100
5	18,18	63,64	18,18	100

* Interpretasie van tabel 3.10

- 70% van die skoolhoofde het aangedui dat onderrigontwikkeling selde en 30% dat dit altyd die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter.
- 71,43% van die senior-adjunk en/of adjunk-hoofde het aangedui dat onderrigontwikkeling selde en 28,57% dat dit altyd die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter.
- 3,57% van die departementshoofde het aangedui dat onderrigontwikkeling nooit, 67,86% dat dit selde en 28,57% dat dit altyd die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter.
- 6,25% van die onderwysers met meriete-toekennings het aangedui dat onderrigontwikkeling nooit, 62,5% dat dit selde en 31,25% dat dit altyd die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter.

- 18,18% van die onderwysers sonder meriete-toekenning het aangedui dat onderrigontwikkeling nooit, 63,64% dat dit selde en 18,18% dat dit altyd die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter.

* Afleiding

- Dit blyk dat die respondente van mening is dat onderrigontwikkeling wel die kennis en vaardighede van die onderwyser kan verbeter.
- Geen skoolhoof of adjunk-hoof het aangedui dat onderrigontwikkeling nooit die kennis en vaardigheid van 'n onderwyser kan verbeter nie. Daarteenoor het 'n deel van die respondente op laer posvlakke wel aangedui dat dit nooit die geval is nie. Hierdie verskynsel hou moontlik verband met die feit dat hoofde en adjunk-hoofde meer bewus is van die belangrikheid van onderrigontwikkeling as laasgenoemde groepe respondente.

3.5.2.4 Vraag 2.4: In welke mate, meen u, het die implementering van nuwe onderrig tegnieke in die skool meer kans op sukses indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan?

	Nooit
	Selde
	Dikwels
	Altyd

* Die doel met die vraag was om te bepaal of die imple-

mentering van nuwe onderrig tegnieke in die skool meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.11 en 3.12 weergegee.

Tabel 3.11: Respondente se mening aangaande nuwe onderrig tegnieke wat meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Selde	4	3,3
Dikwels	64	52,9
Altyd	53	43,8
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.11

- 3,3% van die respondente is van mening dat die implementering van nuwe onderrig tegnieke selde meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan.
- Die meeste respondente (52,9%) is van mening dat die implementering van nuwe onderrig tegnieke in die skool dikwels meer kans op sukses het, indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan.
- 43,8% van die respondente is van mening dat die implementering van nuwe onderrig tegnieke in die skool altyd meer kans op sukses het, indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan.

Tabel 3.12: Respondente (in terme van graad van pos) se mening of die implementering van nuwe onderrigtegnieke meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan

Graad van pos	Selde	Dikwels	Altyd	TOTAAL
1	0	40	60	100
2	4,55	59,09	36,36	100
3	0	39,29	60,71	100
4	12,50	56,25	31,25	100
5	2,22	60,00	37,78	100

* Interpretasie van tabel 3.12

- 40% van die skoolhoofde het aangedui dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke in die skool dikwels meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan en 60% dat dit altyd meer kans op sukses het.
- 4,55% van die senior adjunk-/adjunk-hoofde het aangedui dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke selde meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan, 59,09% dat dit dikwels en 36,36% dat dit altyd meer kans op sukses het.
- 39,29% van die departementshoofde het aangedui dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke dikwels meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan en 60,71% dat dit altyd meer kans op sukses het.

- 12,50% van die onderwysers met meriete-toekenning het aangedui dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke selde meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan, 56,25% dat dit dikwels, en 31,25% dat dit altyd meer kans op sukses het.
- 2,22% van die onderwysers sonder meriete-toekenning het aangedui dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke selde meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan, 60,0% dat dit dikwels en 37,78% dat dit altyd meer kans op sukses het.
- Geen respondent was van mening dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke in die skool geen kans op sukses het, indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan nie.

* Afleiding

Die meeste respondente (96,7%) is van mening dat die implementering van nuwe onderrigtegnieke in die skool meer kans op sukses het indien dit met onderrigontwikkeling gepaard gaan.

3.5.2.5 Vraag 2.5:

Die hulpverlening wat aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool gegee word, is voldoende

Stem glad nie saam nie

Stem in geringe mate saam

Stem saam

Stem heelhartig saam

* Die doel met die vraag was om te bepaal of die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool voldoende is. Die waarskynlikheid bestaan dat die beginneronderwyser soms deur lede van die bestuurspan beskou word as persone wat kundig ten opsigte van onderrig is.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.13 en 3.14 weergegee.

Tabel 3.13: Respondente se mening of die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig voldoende is

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Stem glad nie saam nie	24	19,8
Stem in geringe mate saam	59	48,8
Stem saam	36	29,8
Stem heelhartig saam	2	1,6
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.13

- 31,4% (29,8% + 1,6%) van die respondente is van mening dat hulpverlening ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool voldoende is, terwyl 68,6% (48,8% + 19,8%) van mening is dat hulpverlening nie voldoende is nie.

Tabel 3.14: Respondente se mening of die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig voldoen is (in terme van graad van pos)

Graad van pos	Stem glad nie saam nie	Stem in geringe mate saam	Stem saam	Stem heelhartig saam	Totaal
1	0	60,0	30,0	10,0	100
2	9,09	54,55	36,36	0	100
3	28,57	32,14	39,29	0	100
4	25,00	43,75	25,00	6,25	100
5	22,22	55,56	22,22	0	100

*** Interpretasie van tabel 3.14**

- 60% van die skoolhoofde is van mening dat die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool nie voldoende is nie, terwyl 40% (30% + 10%) van mening is dat dit wel voldoende is.
- 63,64% (54,55 + 9,09%) van die senior adjunk-/adjunkhoofde is van mening dat die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool nie voldoende is nie, terwyl 36,36% van mening is dat dit wel voldoende is.
- 60,71% (32,14% + 28,57%) van die departementshoofde is van mening dat die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool nie voldoende is nie, terwyl 39,29% van mening is dat dit wel voldoende is.
- 68,75% (43,75% + 25%) van die onderwysers met meriete-toekenning is van mening dat die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool nie voldoende is nie, terwyl

31,25% (6,25% + 25%) van mening is dat dit wel voldoende is.

- 77,78% (55,56% + 22,22%) van die onderwysers sonder meriete toekenning is van mening dat die hulpverlening aan die beginneronderwyser ten opsigte van onderrig in die sekondêre skool nie voldoende is nie, terwyl 22,22% van mening is dat dit wel voldoende is.

* Afleiding

Dit blyk dat die grootste persentasie respondente van mening is dat die hulpverlening wat aan die beginneronderwyser in die sekondêre skool gegee word, nie voldoende is nie.

Volgens die literatuur moet indiensopleiding nie net formeel van aard wees nie; geleentheid vir indiensopleiding moet vir personeel geskep word; dit wil sê, geleentheid vir professionele groei en ontwikkeling binne die organisasie (vergelyk 2.3.4).

3.5.2.6 Vraag 2.6 A:

Wie gee tans by u skool direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig?

Hoofde

Adjunk-hoofde

Departementshoofde

* Die doel met die vraag was om te bepaal wie tans direkte leiding aan onderwysers gee ten opsigte van onderrig. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.15 en 3.16 weergegee.

Tabel 3.15: Persone verantwoordelik vir direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Hoofde	16	18,0
Adjunk-hoofde	1	1,1
Departementshoofde	72	80,9
TOTAAL	N = 89 *	100%

* 32 respondente het òf die vraag nie voltooi nie, òf twee òf al drie alternatiewe aangedui.

* Interpretasie van tabel 3.15

- Volgens 80,9% van die respondente is die departementshoof die persoon wat tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee.
- 18% van die respondente het aangedui dat skoolhoofde en 1,1% het aangedui dat adjunk-hoofde tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee.

Tabel 3.16: Persone wat tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee in terme van graad van pos

Graad van pos	Hoofde	Adjunk-hoofde	Departements-hoofde	Totaal
1	50	0	50	100
2	20	0	80	100
3	22,22	0	77,78	100
4	15,38	0	84,62	100
5	14,63	2,44	82,93	100

* Interpretasie van tabel 3.16

- 50% skoolhoofde het aangedui dat skoolhoofde en 50% het aangedui dat departementshoofde tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee.
- Onderskeidelik 20% en 80% senior adjunk-/adjunk-hoofde het aangedui dat hoofde en departementshoofde tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee.
- Onderskeidelik 22,22% en 77,78% departementshoofde het aangedui dat hoofde en departementshoofde tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee.
- Onderskeidelik 15,38% en 84,62% onderwysers met meriete-toekenning het aangedui dat hoofde en departementshoofde tans direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig gee.
- Onderskeidelik 14,63%, 2,44% en 82,93% onderwysers sonder meriete-toekenning het aangedui dat hoofde, adjunk-hoofde en departementshoofde tans direkte

leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig
gee.

* Afleiding

Departementshoofde is volgens die respondente die persone
wat in die meeste gevalle direkte leiding aan onderwysers
ten opsigte van onderrig gee.

3.5.2.7 Vraag 2.6 B:

Wie behoort volgens u mening direkte leiding ten
opsigte van onderrig aan onderwysers te gee?

Hoofde

Adjunk-hoofde

Departementshoofde

* Die doel met die vraag was om te bepaal wie na die
mening van die respondente direkte leiding ten opsigte
van onderrig aan onderwysers behoort te gee. Die resul-
tate van hierdie vraag word in tabel 3.17 en 3.18 weer-
gegegee.

Tabel 3.17:

Respondente se mening oor wie direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Hoofde	5	5,1
Adjunk-hoofde	3	3,0
Departementshoofde	91	91,9
TOTAAL	N = 99 *	100%

- * 22 respondente het òf die vraag nie voltooi nie, òf twee òf al drie alternatiewe aangedui.
- * Interpretasie van tabel 3.17
 - Die meeste respondente (91,9%) beskou die departementshoof as die persoon wat direkte leiding ten opsigte van onderrig aan onderwysers behoort te gee.
 - 5,1% respondente het aangedui dat skoolhoofde die persone is wat direkte leiding ten opsigte van onderrig aan onderwysers behoort te gee en 3% respondente het aangedui dat adjunk-hoofde die persone is wat direkte leiding ten opsigte van onderrig aan onderwysers behoort te gee.

Tabel 3.18: Respondente se mening (in terme van graad van pos) oor wie direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee.

Graad van pos	Hoofde	Adjunk-hoofde	Departements- hoofde	Totaal
1	0	50	50	100
2	6,25	6,25	87,50	100
3	9,09	0	90,91	100
4	6,67	0	93,33	100
5	2,27	2,27	95,46	100

* Interpretasie van tabel 3.18

- 50% skoolhoofde het aangedui dat adjunk-hoofde en 50% het aangedui dat departementshoofde direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee.
- Onderskeidelik 6,25%, 6,25% en 87,5% senior adjunk-/adjunk-hoofde het aangedui dat hoofde, senior adjunk/adjunk-hoofde en departementshoofde direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee.
- Onderskeidelik 9,09% en 90,91% departementshoofde het aangedui dat hoofde en departementshoofde direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee.
- Onderskeidelik 6,67% en 93,33% onderwysers met meriete-toekenning het aangedui dat hoofde en de-

partementshoofde direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee.

- Onderskeidelik 2,27%, 2,27% en 95,46% onderwysers sonder meriete-toekenning het aangedui dat hoofde, senior adjunk-/adjunk-hoofde en departementshoofde direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig behoort te gee.

* Afleiding

- Departementshoofde word algemeen beskou as die persone wat direkte leiding ten opsigte van onderrig aan onderwysers behoort te gee.

Skoolhoofde en adjunk-hoofde as onderwysbestuurders is verantwoordelik vir die onderrig binne die skool. Die hoof en adjunk-hoof het 'n tweërlei funksie ten opsigte van onderrigontwikkeling, naamlik beplanning en leiding (vergelyk 1.1). Volgens die skoolhoofde se respons, behoort adjunk-hoofde meer leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig te gee. Dit hou waarskynlik verband met die feit dat die hoof self nie genoegsame tyd het om direkte leiding ten opsigte van onderrig aan onderwysers te gee nie.

3.5.2.8 Vraag 2.7 A:

Gemiddeld hoeveel uur per week bestee die persoon of persone wat u in 2.6 A aangedui het wel aan onderrigontwikkeling

0 uur per week

1 uur per week

2 uur per week

3 uur per week

4 uur per week

5 uur per week

* Die doel met die vraag was om vas te stel hoeveel uur per week persone wat in 2.6 A aangedui is, aan onderrigontwikkeling bestee.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.19 en 3.20 weergegee.

Tabel 3.19: Ure wat bestee word aan onderrigontwikkeling

Ure per week	Totaal (N)	Persentasie (%)
0 - 1	19	16,8
1 - 2	69	61,1
2 - 3	18	15,9
3 - 4	1	0,9
4 - 5	2	1,8
5+	4	3,5
TOTAAL	N = 113 *	100%

* Agt respondente het nie die vraag beantwoord nie.

* Interpretasie van tabel 3.19

- Die meeste respondente (61,1%) het 1 - 2 uur per week as die tyd aangedui wat die persoon of persone in 2.6 A aan onderrigontwikkeling bestee.

* Afleiding

- Daar moet tyd aan onderrigontwikkeling afgestaan word.

3.5.2.9 Vraag 2.7 B:

Gemiddeld hoeveel uur per week behoort die persoon of persone wat u in 2.6 A aangedui het, volgens u mening, wel aan onderrigontwikkeling te bestee?

0 uur per week

1 uur per week

2 uur per week

3 uur per week

4 uur per week

5 uur per week

* Die doel met die vraag was om vas te stel hoeveel uur per week die persoon of persone wat deur die respondente in 2.6 A aangedui, aan onderrigontwikkeling behoort te bestee. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.20 weergegee.

Tabel 3.20: Ure wat bestee behoort te word aan onderrig-
ontwikkeling

Ure per week	Totaal (N)	Persentasie (%)
0 - 1	2	1,8
1 - 2	63	56,8
2 - 3	20	18,0
3 - 4	12	10,8
4 - 5	5	4,5
5+	9	8,1
TOTAAL	N = 111 *	100%

* Tien respondente het nie die vraag beantwoord nie.

* Interpretasie van tabel 3.20

- Die meeste respondente (56,8%) het 1 - 2 uur per week aangedui as die tyd wat die persoon of persone in 2.6 A aangedui, aan onderrigontwikkeling moet bestee.

* Afleiding

- Alle respondente is dit eens dat daar tyd aan onderrigontwikkeling afgestaan moet word.

- Word tabel 3.19 en 3.20 egter met mekaar vergelyk blyk dit dat daar na die mening van respondente te min tyd aan onderrigontwikkeling bestee word. Daar bestaan dus 'n behoefte aan meer tyd vir onderrigontwikkeling.

3.5.2.10 Vraag 2.8:

Die adjunk-hoof behoort 'n opleidingsverantwoordelikheid ten opsigte van die beginneronderwyser op die personeel te hê

Stem glad nie saam nie

Stem in geringe mate saam

Stem saam

Stem heelhartig saam

* Die doel met die vraag was om te bepaal of respondente van mening is dat die adjunk-hoof in die sekondêre skool 'n opleidingsverantwoordelikheid moet hê ten opsigte van die beginneronderwyser.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.21 en 3.22 weergegee.

Tabel 3.21: Respondente se mening ten opsigte van opleidingsverantwoordelikheid van die adjunk-hoof ten opsigte van die beginneronderwyser

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Stem glad nie saam nie	10	8,2
Stem in geringe mate saam	26	21,5
Stem saam	49	40,5
Stem heelhartig saam	36	29,8
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.21

- Die meerderheid van die respondente (40,5%) stem saam en 29,8% stem heelhartig saam dat die adjunk-hoof 'n opleidingsverantwoordelikheid ten opsigte van die beginneronderwyser op die personeel behoort te hê.
- Slegs 8,2% stem glad nie saam nie en 21,5% stem in geringe mate saam oor die opleidingsverantwoordelikheid van die adjunk-hoof teenoor die beginneronderwyser.

Tabel 3.22: Respondente se mening (in terme van graad van pos) ten opsigte van die opleidingsverantwoordelikheid van die adjunk-hoof teenoor die beginneronderwyser

Graad van pos	Stem glad nie saam nie	Stem in geringe mate saam	Stem saam	Stem heelhartig saam	Totaal
1	0	20	40	40	100
2	0	18,18	59,09	22,73	100
3	14,29	28,57	35,71	21,43	100
4	6,25	6,25	50,00	37,50	100
5	11,11	24,44	31,11	33,34	100

* Interpretasie van tabel 3.22

- 40% van die skoolhoofde stem saam, 40% stem heelhartig saam en 20% stem in geringe mate saam dat die adjunk-hoof 'n opleidingsverantwoordelikheid ten opsigte van die beginneronderwyser behoort te hê.
- 59,09% senior adjunk-/adjunk-hoofde stem saam, 22,73%

senior adjunk-/adjunk-hoofde stem heelhartig saam en 18,18% senior adjunk-/adjunk-hoofde stem in geringe mate saam oor die opleidingsverantwoordelikheid van die adjunk-hoof teenoor die beginneronderwyser.

- 35,71% departementshoofde stem saam, 21,43% departementshoofde stem heelhartig saam, 28,57% departementshoofde stem in geringe mate saam en 14,29% departementshoofde stem glad nie saam nie dat adjunk-hoofde 'n opleidingsverantwoordelikheid het teenoor die beginneronderwyser.
- 50% onderwysers met meriete-toekenning stem saam, 37,50% stem heelhartig saam, 6,25% stem in geringe mate saam en 6,25% stem glad nie saam nie dat die adjunk-hoof 'n opleidingsverantwoordelikheid het teenoor die beginneronderwyser.
- 31,11% onderwysers sonder meriete-toekenning stem saam, 33,34% stem heelhartig saam, 24,44% stem in geringe mate saam en 11,11% stem glad nie saam nie dat die adjunk-hoof 'n opleidingsverantwoordelikheid het teenoor die beginneronderwyser.

* Afleiding

- Daar bestaan min twyfel by die respondente dat die adjunk-hoof 'n opleidingsverantwoordelikheid teenoor die beginneronderwyser op die personeel het.

Geen skoolhoof of adjunk-hoof het aangedui dat die adjunk-hoof nie 'n opleidingsverantwoordelikheid ten opsigte van die beginneronderwyser op die personeel het nie. Daarteenoor het 'n deel van die respondente op laerposvlakke wel aangedui dat die adjunk-hoof nie sodanige verantwoordelikheid het nie. Hierdie verskynsel hou moontlik verband met die feit dat hoofde en adjunk-hoofde meer bewus is van die belangrikheid van die opleidingsverantwoordelikheid aan die beginneronderwysers as bogenoemde groep respondente.

3.5.2.11 Vraag 2.9:

Hoe effektief is die indiensopleiding deur die persoon wat u in 2.6 A aangedui het vir die verbetering van onderrigvaardighede?

<input type="checkbox"/>	Geen ervaring (Weet nie)
<input type="checkbox"/>	Glad nie effektief nie
<input type="checkbox"/>	Effektief
<input type="checkbox"/>	Baie effektief

* Die doel met die vraag was om te bepaal of die persoon wat in 2.6 A aangedui is, effektiewe indiensopleiding toepas met die oog op die verbetering van onderrigvaardighede. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.23 en 3.24 weergegee.

Tabel 3.23: Indiensopleiding met die oog op die verbetering van onderrigvaardighede

	Totaal (N)	Persentasie %
Geen ervaring	8	6,7
Glad nie effektief nie	10	8,3
Effektief	82	68,3
Baie effektief	20	16,7
TOTAAL	N = 120*	100%

* Een respondent het nie die vraag beantwoord nie.

* Interpretasie van tabel 3.23

- Die meeste respondente (68,3%) het aangedui dat indiensopleiding effektief bydra tot die verbetering van onderrigvaardighede.
- 16,7% respondente het aangedui dat indiensopleiding baie effektief bydra tot verbetering van onderrigvaardighede, 8,3% respondente het aangedui dat indiensopleiding glad nie effektief bydra tot verbetering van onderrigvaardighede nie en 6,7% respondente het aangedui hulle het geen ervaring hiervan nie.

Tabel 3.24: Die belangrikheid van indiensopleiding met die oog op die verbetering van onderrigvaardighede in terme van graad van pos

Graad van pos	Geen ervaring	Glad nie effektief nie	Effektief	Baie Effektief	Totaal
1	-	-	80	20	100
2	-	4,55	86,36	9,09	100
3	-	3,57	71,43	25,00	100
4	13,33	6,67	60,00	20,00	100
5	13,33	15,56	57,78	13,33	100

* Interpretasie van tabel 3.24

- Onderskeidelik 80% en 20% skoolhoofde het aangedui dat indiensopleiding deur die persoon in 2.6 A aangedui, effektief en baie effektief toegepas word in die verbetering van onderrigvaardighede.
- Onderskeidelik 4,55%, 86,36% en 9,09% senior adjunk-/adjunk-hoofde het aangedui dat indiensopleiding deur die persoon in 2.6 A aangedui, nie effektief nie, effektief en baie effektief toegepas word in die verbetering van onderrigvaardighede.
- Onderskeidelik 3,57%, 71,43% en 25% departementshoofde het aangedui dat indiensopleiding deur die persoon in 2.6 A aangedui, nie effektief nie, effektief en baie effektief toegepas word in verbetering van onderrigvaardighede.

- Onderskeidelik 6,67%, 60% en 20% onderwysers met meriete-toekenning het aangedui dat indiensopleiding deur die persoon in 2.6 A aangedui, glad nie effektief nie, effektief en baie effektief toegepas word in verbetering van onderrigvaardighede. 13,33% van hierdie kategorie respondente het geen ervaring nie.
- Onderskeidelik 15,56%, 57,78% en 13,33% onderwysers sonder meriete-toekenning het aangedui dat indiensopleiding deur die persoon in 2.6 A aangedui, glad nie effektief nie, effektief en baie effektief toegepas word in verbetering van onderrigvaardighede. 13,33% van hierdie kategorie respondente het geen ervaring nie.

* Afleiding

- Indiensopleiding deur skoolhoofde, senior adjunk-/adjunk-hoofde of departementshoofde dra effektief by tot die verbetering van onderrigvaardighede.

Hierdie afleiding strook met wat in die literatuurstudie bevind is, naamlik dat die onderwyser deur eie ervaring, indiensopleiding, verdere studie en raad van meer ervare kollegas gehelp moet word om 'n goed onderlegde onderwyser te word (vergelyk 2.3.4).

3.5.2.12 Vraag 2.10:

Ervare onderwyser (5 jaar en meer) beskou onderrigontwikkeling as 'n bedreiging

Stem glad nie saam nie

Stem in geringe mate saam

Stem saam

Stem heelhartig saam

* Die doel met die vraag was om te bepaal of ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou. Die vermoede bestaan dat sommige ervare onderwysers dit as 'n vernedering beskou om indiensopgelei te word. Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat 'n atmosfeer geskep moet word waarbinne die ervare onderwyser oortuig moet word dat deurlopende indiensopleiding in belang van die onderwyser en die kind is (vergelyk 2.3.4).

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.25 en 3.26 weergegee.

Tabel 3.25: Erfvare onderwysers beskou onderrigontwikkeling as 'n bedreiging

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Stem glad nie saam nie	65	54,2
Stem in geringe mate saam	39	32,5
Stem saam	16	13,3
Stem heelhartig saam	-	-
TOTAAL	N = 120*	100%

* Een respondēt het die vraag nie beantwoord nie.

- * Interpretasie van tabel 3.25
- Die meeste respondente (54,2%) stem glad nie saam nie en 32,5% stem in geringe mate saam met die stelling dat die ervare onderwyser onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.
- Slegs 13,3% respondente stem saam met die stelling dat die ervare onderwyser onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.

Tabel 3.26: Respondente in die verskillende posvlakke se mening of ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou

Graad van pos	Stem glad nie saam nie	Stem in geringe saam	Stem saam	TOTAAL
1	50	40	10	100
2	40,91	50	9,09	100
3	53,57	28,57	17,86	100
4	62,50	31,25	6,25	100
5	59,09	25,00	15,91	100

- * Interpretasie van tabel 3.26
- 50% skoolhoofde stem glad nie saam nie, 40% stem in geringe mate saam en slegs 10% stem saam dat ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.

- 40,91% senior adjunk-/adjunk-hoofde stem glad nie saam nie, 50% stem in geringe mate saam en 9,09% stem saam dat ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.
- 53,57% departementshoofde stem glad nie saam nie, 28,57% stem in geringe mate saam en 17,86% stem saam dat ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.
- 62,50% onderwysers met meriete-toekenning stem glad nie saam nie, 31,25% stem in geringe mate saam en 6,25% stem saam dat ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.
- 59,09% onderwysers sonder meriete-toekenning stem glad nie saam nie, 25% stem in geringe mate saam en 15,91% stem saam dat ervare onderwysers onderrigontwikkeling as 'n bedreiging beskou.

* Afleiding

Dit blyk in die algemeen dat ervare onderwysers onderrigontwikkeling nie as 'n bedreiging beskou nie.

3.5.2.13 Vraag 2.11:

Oor watter kwaliteite moet die persoon beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas? Rangskik die volgende in orde van belangrikheid, van 1 - 6 deur slegs die nommers in die blokkies neer te skryf

- 1 Leierskap
- 2 Motiveringsvermoë
- 3 Inisiëringsvermoë
- 4 Evaluering- en begeleidingsvermoë
- 5 Goeie menseverhoudings
- 6 Kommunikasievermoë

* Die doel met die vraag was om eerstens te bepaal oor watter kwaliteite die persoon wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, na die mening van die respondente moet beskik en tweedens wat die orde van belangrikheid van hierdie kwaliteite na die mening van respondente is.

Tabel 3.27: Kwaliteite waaroor persone na die mening van respondente moet beskik om suksesvolle onderrigontwikkeling toe te pas in orde van belangrikheid

Orde van belangrikheid										
Kwaliteite	Totaal (N) Persentasie (%)	1	2	3	4	5	6	Totaal (N)	Getal	Orde
1. Leierskap	Totaal (N) Persentasie (%)	18 14,9	30 24,8	10 8,3	16 13,2	14 11,6	33 27,2	121 100	440	5
2. Motiveringsvermoë	Totaal (N) Persentasie (%)	15 12,4	24 19,8	24 19,8	13 10,7	25 20,7	20 16,6	121 100	432	4
3. Inisiëringsvermoë	Totaal (N) Persentasie (%)	19 15,7	28 23,1	21 17,4	14 11,6	19 15,7	20 16,5	121 100	409	2
4. Evalueringvermoë en begeleidingsvermoë	Totaal (N) Persentasie (%)	25 20,7	17 14	16 13,2	16 13,2	25 20,7	22 18,2	121 100	428	3
5. Goie menseverhoudings	Totaal (N) Persentasie (%)	13 10,8	17 14,0	24 19,8	23 19,0	22 18,2	22 18,2	121 100	453	6
6. Kommunikasievermoë	Totaal (N) Persentasie (%)	28 23,1	3 2,5	26 21,5	36 29,8	17 14,0	11 9,1	121 100	407	1

* Interpretasie van tabel 3.27

- Die respondente het die kwaliteite waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, soos volg in orde van belangrikheid gerangskik:

1. Kommunikasievermoë
2. Inisiëringsvermoë

3. Evaluering en begeleidingsvermoë
4. Motiveringsvermoë
5. Leierskap
6. Goeie menseverhoudings

Tabel 3.28:

Respondente in die verskillende posvlakke se siening oor die kwaliteite waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, in volgorde van belangrikheid

Kwaliteite	Orde van belangrikheid volgens graad van pos									
	Skoolhoof		Senior adjunk-/adjunk-hoof		Departementshoof		Onderwyser met meriete-toekenning		Onderwyser sonder meriete-toekenning	
	Getal	Orde	Getal	Orde	Getal	Orde	Getal	Orde	Getal	Orde
1. Leierskap	28	2	71	1	104	5	59	5	178	6
2. Motiveringsvermoë	41	5	85	5	95	2	58	3	153	3
3. Inisiëringsvermoë	28	1	73	2	98	3	54	2	156	4
4. Evaluering en begeleidingsvermoë	45	6	75	3	87	1	60	6	151	2
5. Goeie menseverhoudings	39	4	87	6	107	6	51	1	169	5
6. Kommunikasievermoë	29	3	80	4	101	4	58	4	139	1

* Interpretasie van tabel 3.28

- Skoolhoofde dui die kwaliteite waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling

wil toepas, soos volg in orde van belangrikheid aan:

1. Inisiëringsvermoë
2. Leierskap
3. Kommunikasie
4. Goeie menseverhoudings
5. Motiveringsvermoë
6. Evaluering en begeleidingsvermoë

- Senior adjunk-/adjunk-hoof dui die kwaliteit waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, soos volg in orde van belangrikheid aan:

1. Leierskap
2. Inisiëringsvermoë
3. Evaluering en begeleidingsvermoë
4. Kommunikasievermoë
5. Motiveringsvermoë
6. Goeie menseverhoudings

- Departementshoofde dui die kwaliteit waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, soos volg in orde van belangrikheid aan:

1. Evaluering en begeleidingsvermoë
2. Motiveringsvermoë
3. Inisiëringsvermoë
4. Kommunikasievermoë
5. Leierskap
6. Goeie menseverhoudings

Onderwysers met meriete-toekenning dui die kwaliteit waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, soos volg in orde van belangrikheid aan:

1. Goeie menseverhoudings
2. Inisiëringsvermoë
3. Motiveringsvermoë
4. Kommunikasievermoë
5. Leierskap
6. Evaluering en begeleidingsvermoë

- Onderwysers sonder meriete-toekenning dui die kwaliteit waaroor die persoon moet beskik wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, soos volg in orde van belangrikheid aan:

1. Kommunikasievermoë
2. Evaluering en begeleidingsvermoë
3. Motiveringsvermoë
4. Inisiëringsvermoë
5. Goeie menseverhoudings
6. Leierskap

* Afleiding

- Alle respondente beskou leierskap, motiveringsvermoë, inisiëringsvermoë, evaluering en begeleidingsvermoë, goeie menseverhoudings en kommunikasievermoë as belangrike kwaliteite waaroor die persoon moet beskik wat onderrigontwikkeling wil toepas.
- Skoolhoofde en senior adjunk-/adjunk-hoofde is redelik eenstemmig ten opsigte van inisiëring en leierskap as kwaliteite waaroor die persoon moet beskik wat onderrigontwikkeling wil toepas.

3.5.2.14 Vraag 2.12:

Klasbesoek is noodsaaklik om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.

Stem glad nie saam nie

Stem in geringe mate saam

Stem saam

Stem heelhartig saam

* Die doel met die vraag was om te bepaal of respondente van mening is dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.29 en 3.30 weergegee.

Tabel 3.29: Respondente se mening of klasbesoek noodsaaklik is vir suksesvolle onderrigontwikkeling

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Stem glad nie saam nie	11	9,1
Stem in geringe mate saam	23	19,0
Stem saam	51	42,1
Stem heelhartig saam	36	29,8
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.29

- Die meeste repondente (42,1%) stem saam en 29,8% stem heelhartig saam dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.

- 9,1% stem glad nie saam nie en 19% stem in geringe mate saam dat klasbesoek noodsaaklik is vir suksesvolle onderrigontwikkeling.

Tabel 3.30:

Die belangrikheid van klasbesoek vir suksesvolle onderrigontwikkeling in terme van graad van pos

Graad van pos	Stem glad nie saam nie	Stem in geringe mate saam	Stem saam	Stem heelhartig saam	Totaal
1	-	10	40	50	100
2	-	9,10	45,45	45,45	100
3	7,14	7,14	42,86	42,86	100
4	-	43,75	43,75	12,50	100
5	20,00	24,44	40,00	15,56	100

* Interpretasie van tabel 3.30

- 50% skoolhoofde stem heelhartig saam, 40% stem saam en 10% stem in geringe mate saam dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.
- 45,45% senior adjunk-/adjunk-hoofde stem heelhartig saam, 45,45% stem saam en 9,10% stem in geringe mate saam dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.
- 42,86% departementshoofde stem heelhartig saam, 42,86% stem saam, 7,14% stem in geringe mate saam en 7,14% stem glad nie saam nie dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.

- 12,50% onderwysers met meriete-toekenning stem heelhartig saam, 43,75% stem saam en 43,75% stem in geringe mate saam dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.
- 15,56% onderwysers sonder meriete-toekenning stem heelhartig saam, 40,00% stem saam, 24,44% stem in geringe mate saam en 20% stem glad nie saam nie dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.

* Afleidings

- Klasbesoek is noodsaaklik om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.
- Hoofde en adjunk-hoofde is ook meer as die persone in die laer posvlakke daarvan bewus dat klasbesoek noodsaaklik is om suksesvolle onderrigontwikkeling te laat plaasvind.

Volgens die literatuur bied klasbesoek die geleentheid waar hulp aan die hulpsoekende onderwyser en ook professionele leiding aan leerkragte gegee kan word (vergelyk 2.3.6.1).

3.5.2.15 Vraag 2.13:

Word klasbesoek wat deur die skoolhoof gedoen word, geassosieer met formele evaluering van onderwysers?

Nooit

Selde

Dikwels

Altyd

* Die doel met die vraag was om te bepaal of respondente van mening is dat die klasbesoek wat deur die skoolhoof gedoen word, geassosieer word met formele evaluering van onderwysers.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.31 en 3.32 weergegee.

Tabel 3.31: Respondente se mening of klasbesoek deur die skoolhoof met formele evaluering geassosieer word

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Nooit	-	-
Selde	9	7,4
Dikwels	51	42,2
Altyd	61	50,4
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.31

- Die meeste respondente (50,4%) is van mening dat die klasbesoek wat deur die skoolhoof gedoen word, altyd met die formele evaluering van onderwysers geassosieer word.
- 42,2% van die respondente dui aan dat dit dikwels geassosieer word met formele evaluering van onderwysers.
- Slegs 7,4% van die respondente dui aan dat dit selde met formele evaluering van onderwysers geassosieer word.

Tabel 3.32: Respondente se mening (in terme van graad van pos) of klasbesoek wat deur die skoolhoof gedoen word, geassosieer word met formele evaluering

Graad van pos	Nooit	Selde	Dikwels	Altyd	Totaal
1	-	-	50	50	100
2	-	4,55	45,45	50	100
3	-	7,14	32,14	60,71	100
4	-	-	56,25	43,75	100
5	-	13,33	40,00	46,67	100

* Interpretasie van tabel 3.32

- 50% skoolhoofde is van mening dat klasbesoek deur die skoolhoof dikwels en 50% dat dit altyd met die formele evaluering van onderwysers geassosieer word.
- 50% senior adjunk-/adjunk-hoofde is van mening dat klasbesoek altyd, 45,45% dat dit dikwels en 4,55% dat dit selde met formele evaluering van onderwysers geassosieer word.
- 60,71% departementshoofde is van mening dat klasbesoek altyd, 32,14% dat dit dikwels en 7,14% dat dit selde met formele evaluering van onderwysers geassosieer word.
- 43,75% onderwysers met meriete-toekenning is van mening dat klasbesoek altyd en 56,25% dat dit dikwels met formele evaluering van onderwysers geassosieer word.
- 46,67% onderwysers sonder meriete-toekenning is van mening dat klasbesoek altyd, 40% dat dit dikwels en

13,33% dat dit selde met formele evaluering van onderwysers geassosieer word.

* Afleiding

- Klasbesoek wat deur die skoolhoof gedoen word, word in 'n groot mate geassosieer met die formele evaluering van onderwysers.

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat dit die skoolhoof se taak is om klasbesoek te doen. Niks verhinder egter die adjunk-hoof om 'n onderwyser op uitnodiging van die onderwyser te besoek en sodoende bogenoemde probleem te ondervang nie (vergelyk 2.3.6.1).

3.5.2.16 Vraag 2.14:

Doen die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek?

Nooit

Selde

Dikwels

Altyd

* Die doel met die vraag was om te bepaal of die adjunk-hoof by die sekondêre skool wel op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.33 en 3.34 weergegee.

Tabel 3.33: Klasbesoek deur die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Nooit	59	49,6
Selde	41	34,5
Dikwels	12	10,1
Altyd	7	5,8
TOTAAL	N = 119*	100%

* Twee respondente het nie die vraag beantwoord nie.

* Interpretasie van tabel 3.33

- Die meeste respondente (49,6%) dui aan dat die adjunk-hoof nooit op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen nie.
- 34,5% respondente dui aan dat die adjunk-hoof selde, 10,1% dui aan dat die adjunk-hoof dikwels en 5,8% dui aan dat die adjunk-hoof altyd op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.

Tabel 3.34: Response ten opsigte van klasbesoek deur die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid in terme van graad van pos

Graad van pos	Nooit	Selde	Dikwels	Altyd	Totaal
1	60	20	20	0	100
2	36,35	54,55	4,55	4,55	100
3	57,14	39,29	-	3,57	100
4	35,72	28,57	28,57	7,14	100
5	53,33	26,67	11,11	8,89	100

* Interpretasie van tabel 3.34

- Onderskeidelik 60%, 20% en 20% skoolhoofde is van mening dat die adjunk-hoof nooit, selde en dikwels op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.
- Onderskeidelik 36,35%, 54,55%, 4,55% en 4,55% senior adjunk-/adjunk-hoofde is van mening dat adjunk-hoofde nooit, selde, dikwels en altyd op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.
- Onderskeidelik 57,14%, 39,29% en 3,57% departements-hoofde is van mening dat adjunk-hoofde nooit, selde en altyd op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.
- Onderskeidelik 35,72%, 28,57%, 28,57% en 7,14% onderwysers met meriete-toekenning is van mening dat adjunk-hoofde nooit, selde, dikwels en altyd op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.
- Onderskeidelik 53,33%, 26,67%, 11,11% en 8,89% onderwysers sonder meriete-toekenning is van mening dat ad-

junk-hoofde nooit, selde, dikwels en altyd op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.

* Afleiding

- Die reaksie van die respondente dui daarop dat die adjunk-hoof tans nooit of selde op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek doen.

3.5.2.17 Vraag 2.15:

Behoort die adjunk-hoof slegs op **uitnodiging** van 'n personeellid klasbesoek te doen?

Ja

Nee

Onseker

- * Die doel met die vraag was om te bepaal of respondente van mening was dat die adjunk-hoof in die sekondêre skool op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.35 en 3.36 weergegee.

Tabel 3.35: Behoort adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek te doen?

	Totaal (N)	Persentasie (%)
Ja	73	60,3
Nee	34	28,1
Onseker	14	11,6
TOTAAL	N = 121	100%

* Interpretasie van tabel 3.35

- Die meeste respondente (60,3%) dui aan dat die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen.
- 28,1% respondente is van mening dat die adjunk-hoof nie op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen nie.
- 11,6% respondente dui aan dat hulle onseker is of die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen.

Tabel 3.36: Respondente se mening of adjunk-hoofde op uitnodiging klasbesoek behoort te doen in terme van graad van pos

Graad van pos	Ja	Nee	Onseker	Totaal
1	90	10	-	100
2	77,27	22,73	-	100
3	50,00	39,29	10,71	100
4	56,25	25,00	18,75	100
5	53,33	28,89	17,78	100

* Interpretasie van tabel 3.36

- 90% skoolhoofde is van mening dat die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen en 10% is van mening dat die adjunk-hoof nie op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen nie.
- 77,27% senior adjunk-/adjunk-hoofde is van mening dat hulle op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen en 22,73% is van mening dat die adjunk-hoof nie op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen nie.
- 50% departementshoofde is van mening dat die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen, 39,29% is van mening dat die adjunk-hoof nie op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen nie en 10,71% is onseker of die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen.

- 56,25% onderwysers met meriete-toekenning is van mening dat die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen, 25% is van mening dat die adjunk-hoof nie op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen nie en 18,75% is onseker of die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen.
- 53,33% onderwysers sonder meriete-toekenning is van mening dat die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen, 28,89% is van mening dat die adjunk-hoof nie op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen nie en 17,78% is onseker of die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen.

* Afleiding

- Die respons op hierdie vraag dui daarop dat persone in alle posvlakke verkies dat die adjunk-hoof op uitnodiging van 'n personeellid klasbesoek behoort te doen.
- Veral hoofde (90%) en adjunk-hoofde (77,27%) het hul- le sterk ten gunste van klasbesoek deur die adjunk- hoof uitgespreek. Daarteenoor wil dit voorkom asof respondente op laer posvlakke nie so sterk oor hier- die aspek voel nie.

Hierdie verskynsel hou moontlik verband met die feit dat skoolhoofde en adjunk-hoofde meer bewus is van die belangrikheid van klasbesoek deur adjunk-hoofde as laasgenoemde groep respondente.

Volgens tabelle 3.33 en 3.34 doen die adjunk-hoofde tans geen of baie min klasbesoek.

Uit die literatuur en ook na aanleiding van tabelle 3.29 en 3.30 blyk dit duidelik dat klasbesoek deur die adjunk-hoofde noodsaaklik is om onderrigontwikkeling te laat plaasvind (vergelyk 2.3.6.1). Die adjunk-hoof se rol en taak moet ondersteunend van aard wees sodat die onderrig kan verbeter in belang van die leerlinge.

3.5.2.18 Vraag 2.16:

Hoe dikwels behoort die adjunk-hoof slegs op **uitnodiging** klasbesoek te doen?

- 1 Keer per maand
- 1 Keer per termyn
- 1 Keer per jaar
- Glad nie

* Die doel met die vraag was om te bepaal hoe dikwels die adjunk-hoof na die mening van die respondente op uitnodiging klasbesoek behoort te doen.

Die resultate van hierdie vraag word in tabel 3.37 en 3.38 weergegee.

Tabel 3.37:

Respondente se mening van hoe dikwels die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen

Keuse	Totaal (N)	Persentasie (%)
1 Keer per maand	11	9,5
1 Keer per termyn	45	38,8
1 Keer per jaar	40	34,5
Glad nie	20	17,2
TOTAAL	N = 116 *	100%

* 5 respondente het nie die vraag beantwoord nie.

* Interpretasie van tabel 3.37

- Die meeste respondente (38,8%) dui 1 keer per termyn, en 34,5% dui een keer per jaar as die frekwensie aan wat die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen.
- 9,5% respondente dui een keer per maand as die frekwensie aan wat die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen.
- 17,2% respondente dui aan dat die adjunk-hoof glad nie klasbesoek behoort te doen nie.

Tabel 3.38:

Respondente se mening (in terme van graad van pos) oor hoe dikwels die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen

Graad van pos	1 Keer per maand	1 Keer per termyn	1 Keer per jaar	Glad nie	Totaal
1	30	50	20	-	100
2	19,05	47,62	28,57	4,76	100
3	7,70	38,46	38,46	15,38	100
4	14,29	35,71	35,71	14,29	100
5	-	33,33	37,78	28,89	100

* Interpretasie van tabel 3.38

- 30% skoolhoofde dui een keer per maand, 50% dui een keer per termyn en 20% dui een keer per jaar as die aantal kere aan wat die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen.
- 19,05% senior adjunk-/adjunk-hoof dui een keer per maand, 47,62% dui een keer per termyn en 28,57% dui een keer per jaar as die aantal kere aan wat die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen. Slegs 4,76% senior adjunk-/adjunk-hoofde dui aan dat die adjunk-hoof glad nie klasbesoek behoort te doen nie.
- 7,70% departementshoofde dui een keer per maand, 38,46% dui een keer per termyn en 38,46% dui een keer per jaar as die aantal kere aan wat die adjunk-hoof klasbesoek behoort te doen. 15,38% De-

partementshoofde dui aan dat die adjunk-hoof glad nie klasbesoek behoort te doen nie.

- 14,29% onderwysers met meriete-toekenning dui een keer per maand, 35,71% dui een keer per termyn en 35,71% dui een keer per jaar as die aantal kere aan wat die adjunk-hoof op uitnodiging klasbesoek behoort te doen. 14,29% Onderwysers met meriete-toekenning dui aan dat die adjunk-hoof glad nie klasbesoek behoort te doen nie.
- 33,33% onderwysers sonder meriete-toekenning dui een keer per termyn en 37,78% dui een keer per jaar as die aantal kere aan wat die adjunk-hoof klasbesoek op uitnodiging behoort te doen. 28,89% Onderwysers sonder meriete-toekenning dui aan dat die adjunk-hoof glad nie klasbesoek behoort te doen nie.

* Afleiding

Die algemene gevoel is dat die adjunk-hoof óf een keer per termyn óf minstens een keer per jaar op uitnodiging van die onderwyser klasbesoek behoort te doen.

3.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk is die doel met die empiriese ondersoek gestel, naamlik om die bevindinge uit die literatuurstudie te bevestig en/of nuwe insigte ten opsigte van onderrigontwikkeling na vore te bring. Hierbenewens is 'n uiteensetting van die vraelys gedoen en 'n weergawe en interpretasie van die data gegee.

Die versamelde data is deur 'n rekenaar verwerk. Die verwerkte data is ontleed en geïnterpreteer, sodat afleidings daaruit gemaak kon word.

Die respons op die vraelys is in tabelvorm weergegee en as persentasies uitgedruk ten einde 'n beter perspektief met die oog op die interpretasie daarvan aan die leser te bied.

Betekenisvolle verskille tussen respondente is ook sover moontlik aangetoon. Ten slotte is die rol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling kortliks uitgewys.

In die volgende hoofstuk sal daar aan die hand van die bevindinge uit die literatuurstudie en die resultate van die empiriese ondersoek, 'n samevatting gegee word. Gevolgtrekkings wat uit die navorsing voortvloei, sal gemaak en daarna sal bepaalde aanbevelings oor die rol van die adjunk-hoof in die sekondêre skool ten opsigte van onderrigontwikkeling gedoen word.